

VAN DIE REDAKSIE

DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD

ONS wil graag die aandag van belangstellendes in Kaapland vestig op die sillabus van die Afrikaanse Eisteddfod wat so pas verskyn het. Dit sal die drie-en-twintigste wedstrydreeks van hierdie flink organisasie wees, en soos 'n mens van een van die oudste en mees hoogstaande kunstwedstrydverenigings in die land kan verwag, toon die sillabus sommer by die eerste oogopslag dat dit 'n produk is waaraan ervaring, kennis en vakkundigheid ten grondslag lê. Ons enigste beswaar is dat die druk nog steeds in oorlogsformaat is. Die bestuur kan gerus oorweeg om die sillabus effens omvangryker te maak en die druk groter. 'n Ekstra trippens is nie te veel om daarvoor te betaal nie en dit behoort die addisionele koste ruimskoots te dek, terwyl dit die propagandawaarde van die sillabus aanmerklik sal verhoog.

Die program van die Eisteddfod is al so bekend dat dit bykans onnodig is om oor al die besonderhede uit te wel. Ons sal dus net die hoofpunte aanstip.

Wat in die eerste plaas opval, is die uitgebreide musiekafdeling. Daar is byvoorbeeld nie minder as 170 klasse nie. Toevallig weet ons ook hoe sorgvuldig alle stukke gekies word om by die regte stemme, ontwikkelingstadias, ens., van die deelnemers te pas. Daarna word by die verskillende musiekwinkels navraag gedoen of die stukke wat uitgekies is beskikbaar is, en eers daarna word dit in die sillabus opgeneem. Aspirant-deelnemers wat hul bestellings vroeg plaas, sal dus waarskynlik nie moeite hê om die verlangde musiek te kry nie.

'n Ander groot klas is dié vir voordrag, met ope klasse aan die een en 'n verskeidenheid van klasse aan die ander wat afdaal tot by die jongste kleuter. Ook hier word 'n mens by vlugtige deurlêes getref deur die vakkundigheid van die persone wat verantwoordelik is vir die werke wat voorgeskryf is. Verder is daar afdelings vir kortverhale, opstelle, toneel-opvoerings, ens. 'n Mens hoef dus nie net in Kaapstad te woon om te kan deelneem nie.

Die afdeling handwerk sluit in tekenwerk, beeldhou en plastiek, met as onderafdelings skilderstukke, kommersiële kuns soos biljette, advertensies, aanplakbiljette, ens. Dan is daar nog 'n groot afdeling vir kunsnwyerheid, een vir naaldwerk, 'n afdeling vir hout- en metaalwerk en, laaste maar nie die minste nie, die volkspele-afdeling, wat nog maar jonk is, maar die afgelope paar jaar heelwat belangstelling opgewek en besonder mooi werk gelewer het.

Inskrywings word ingewag tot 20 Julie en die openingsaand van die wedstryde is 25 Julie. Daarna duur dit oor die naweke voort tot 2 September en op 16 September vind die groot pryswinnerskonsert in die stadsaal plaas.

Ons is trots daarop dat *Die Huisgenoot* vanaf die ontstaan van die Afrikaanse Eisteddfod as 'n soort peetvader daarvoor opgetree het, want daar is seker nie nog 'n vereniging wat soveel as die Eisteddfod gedoen het om belangstelling in die uitinge van die Afrikaanse geesteslewe op allerlei gebiede aan te moedig nie. En wat nog belangriker is, is die feit dat die mededingers wat hier by ons gepresteer het, na ander plekke gegaan en daar die goeie werk voortgesit het. Die invloed van die Eisteddfod hou ook nie by die deelnemers op nie. Daar is honderde wat aan die voorlopige wedstryde deelneem en indirek sy weldadige invloed ondergaan. Die bestuur kan weliswaar nie wys op groot talente wat ontdek is nie, maar niemand sal die waarde van sulke verenigings ontken vir die skepping van die atmosfeer en die geestelike gesindheid waaruit later groot talente sal kan voortspruit nie. Van harte hoop ons dat die deelname vanjaar nie net op peil sal wees nie, maar dat daar wat getalle sowel as die gehalte van die werk betref, nuwe rekords geskep sal word.

Die sillabus kos slegs drie pennies (plus posgeld) en is verkrygbaar by die sekretaris, posbus 4156, Kaapstad.

S. A. BOEK VIR DIE NEW YORKSE TONEEL

DIE roman van Alan Paton, *Cry, the Beloved Country*, wat soveel opspraak verwek het by sy verskyning, veral in die Verenigde State, en na meer as 'n jaar nog 'n besonder groot afset geniet, word nou deur die bekende Amerikaanse dramaturg Maxwell Anderson in 'n toneelstuk omgewerk. Daar sal heelwat musiek in die dramatiese vorm van die verhaal ingewerk word, en Kurt Weill, bekende komponis, het toegestem om hierdie sy van die werk op hom te neem.

In 'n brief aan die outeur het Maxwell Anderson hom as volg uitgelaat: „Ek wou jare

lank graag iets skryf wat die toestand van ons eie Negers sou uitbeeld en miskien ook die tragiese in hul lewe belig. Nou dat ek u verhaal gelees het, meen ek dat u soveel gesê het as wat gesê kan word, sowel vir u land as vir ons s'n.”

Die toneelstuk sal opgevoer word onder beskerming van die Playwrights' Company, 'n organisasie wat in 1938 deur 'n aantal vooraanstaande dramaturge in die lewe geroep is en wat reeds bekendheid verwerf het vir die deeglikheid en knap artistieke versorging van sy opvoerings.

FILM OOR DIE GROOT TREK

ORSESE rolprentregisseurs begin blykbaar so langamerhand besef watter uitstekende filmmateriaal daar in die veelbewoë verdede van Suid-Afrika skuil, want skaars is die voorlopige werk in verband met die verfilming van die geskiedenis van die diamantbedryf afgedaan of daar kom 'n berig van 'n nog grootser onderneming wat oorweeg word. Hierdie keer sal die geskiedenis van die Groot Trek aangedurf word, en die plan gaan van niemand minder uit as die beroemde filmregisseur sir Alexander Korda. Volgens berigte in die dagblaas sal hy ook die steun van die Unie-

regering geniet. As regisseurs sal optree die bekende broers Boulting.

Wat egter net so belangrik is, is die nuus dat Korda besluit het om van soveel Suid-Afrikaanse toneelspelers as moontlik gebruik te maak. Dit sal beteken dat 'n aansienlike aantal spelers die unieke geleentheid sal hê om onder eersterangse Europese leiding onderverinding op te doen, en dit op sigself kan van onskatbare waarde wees vir die ontluikende Suid-Afrikaanse filmbedryf. Al die veldwerk sal in Suid-Afrika gedoen word, en as daar geen onvoorsiene oponthoud is nie, is die plan om die film nog vanjaar te voltooi.